

## HOE BEGIN EK?

### 1 KORINTIËRS 16:9



#### HOOK:

Voor ek predikant geword het, het ek 'n regte werk gehad – 'n kantoorwerk met 'n baas en ure en alles... Een van die dinge van preke wat my toe gefrustreer het, was dat die dominees geneig was om vir jou te sê wat jy moet doen, maar nie hoe nie. “Gaan wees 'n gelowige by jou werk!” OK, OK, OK, maar hoe? Verduidelik vir my, Wilhelm, in MY werk hoe ek dit moet doen... Is daar enige iemand wat al so gevoel het?

Wel, vandag staan ek aan die ander kant, vandag is ek die dominee wat moet preek... En kom ek sê vir julle: EK weet nie hoe jy dit by jou werk moet doen nie, EK weet nie hoe jy dit by jou skool en huis en vriende en familie moet doen nie. Want ek is nie by jou werk en jou huis en jou familie en jou vriende nie...

Dis 'n dilemma, want jy wil dissipel wees waar jy kom, maar jy weet nie hoe om te begin nie en ek, die dominee, kan jou nie daarmee help nie... Wat nou? Gaan ons nou maar net aangaan met my wat vir jou sê om dissipel te wees en jy wat skuldig voel omdat jy nie weet hoe nie?



#### BOOK:

Kom ons kyk of Paulus ons bietjie kan help hiermee... Paulus was iemand wat van dorp tot dorp gereis het om Jesus vir mense te wys. So hy het gereeld voor die vraag gestaan – hoe begin mens? Kom ons hoor wat skryf hy aan die einde van een van sy briewe aan die kerk in Korinte. Paulus skryf hierdie brief terwyl hy in die stad Efese is. Kom ons hoor wat sê hy...

1 Korintiërs 16:5-9: (1953-vertaling)

5 MAAR ek sal na julle kom nadat ek deur Macedónië gereis het, want ek gaan deur Macedónië.

6 En moontlik sal ek by julle vertoef of ook oorwinter, sodat julle my kan voorhelp waarheen ek ook al mag reis.

7 Want ek wil julle nie nou net in die verbygaan sien nie, maar ek hoop om 'n tyd lank by julle te bly as die Here dit toelaat.

Paulus is moeg. Hy reis al vir amper 8 jaar aaneen om die evangelie te verkondig. Nou skryf hy vir sy vriende in Korinte – *‘ek wil bietjie by julle kom kuier. Ek wil sommer 'n paar maande daar bly en lekker rus!’*

8 Maar ek sal in Éfese bly tot Pinkster toe.

**9 WANT 'N GROOT EN KRAGTIGE DEUR HET VIR MY OOPGEGAAN, EN DAAR IS BAIE TEËSTANDERS.**

Hy gaan eers nog bly. Hoekom?

Paulus bly in Efese vir 2 redes:

1. Daar het 'n groot en kragtige deur oopgegaan
  - a. Groot:
  - b. Kragtig: Vreemd – hoe is 'n deur 'kragtig'?
2. Daar is baie teëstanders

Efese was nie juis die stad waar meeste Christene sou wou bly nie. Ja, dit was 'n groot stad by die see, 'n finansiële sentrum en 'n baie ryk stad. Een van die 7 wonders van die antieke wêreld, die tempel van Artemis was daar. Hiermee saam het onsedelikheid en tempelprostitusie gekom. Die mense in Efese was verskriklik bygelowig en het in 'magic' geglo. Fortuinvertellers het mense se lewe gerig. Nie die tipiese plek vir Christene nie! En tog sien Paulus 'n geleentheid – hier moet ek wees!



### **LOOK:**

Daarom sê Paulus: "n deur het vir **MY** oopgegaan." Dis Paulus se deur, dis sy geleentheid! Hy moet dit aangryp. Die wonderlike is dat Paulus nie die deur hoof oop te maak nie, hy moet net daardeur gaan. Die Here maak die deur vir hom oop! Paulus BEGIN nie – Paulus wag. Die Here BEGIN, die Here maak die deure oop – Paulus is net gereed om dit raak te sien en om dan in te gaan.

Roeping lê op 3 vlakke:

#### **GEMEENSKAP MET JESUS**

Elke gelowige se eerste en belangrikste roeping is om in 'n verhouding met Jesus Christus te lewe. Daarvoor is Bybellees en gebed só belangrik!

#### **GEMEENSKAPLIKE ROEPING**

Ons het as gelowiges 'n gesamentlike roeping om as dissipels te leef. Daarvoor het God vir ons almal sekere riglyne en opdragte gegee wat almal van ons op alle plekke moet doen.

Dit sluit aspekte in soos:

Wees lief vir mekaar, bid vir mekaar, vergewe, help mense in nood, wees gereed om jou geloof te deel, wees eerlik, gehoorsaam die owerheid.

#### **INDIVIDUELE ROEPING**

Maar dan het elkeen van ons ook 'n individuele roeping – **MY** roeping!

Die Here het MY op hierdie stadium in die wêreld geskiedenis op hierdie plek in hierdie werk gesit om die koninkryk HIER uit te brei.

Die probleem is dat die kerk vir lank net klem gelê het op die eerste 2 – hoe gaan dit met jou verhouding met Jesus en lewe jy soos 'n Christen moet?

Terwyl die belangrikste manier waarop God se koninkryk in die wêreld groei is die 3de een – daar waar elke gelowige elke dag in unieke plekke kom en dáár gelowige is. Ons deure is belangrik – MY deur is deurslaggewend!

Waar is die belangrikste plek om gelowige te wees? Nie hier by die erediens nie, nie in die week by kerkaksies en kerkvergaderings nie. In die wêreld waar EK MY roeping leef, waar my deure oopgaan!

Die belangrike vraag is nie watse werk doen ek by my kerk nie, maar watse kerk doen ek by my werk!



### **TOOK:**

Wat sê die Here vir jou vandag? Wat moet ek en jy doen?

Ons moet wag, wag tot die Here deure oopmaak.

Maar dan moet ons gereed wees om die deure raak te sien.

En dan moet ons bereid wees om daar in te gaan, selfs al is daar baie teëstanders.

Elke dag, elke oomblik moet ek en jy gereed wees. Is hier vir my 'n deur? Is hier vir my 'n geleentheid? Want die Here maak deure oop vir jou. Dis nie my deure nie, dis nie jou vriend of kollega of dominee of die kerk se deure nie. Dis jou deure! Ek kan nie vir jou sê wat dit is nie. Ek kan nie vir jou sê hoe dit lyk nie. Ek kan nie vir jou sê wat om te doen nie.

Dis JOU deur, wat die Here vir JOU oopmaak. Onthou net – as Hy die deur oopmaak is Hy klaar daar! Volg Hom net, vertrou Hom net.

Waar is die deure wat in jou lewe oopgaan?

Elke dag:

- By die huis met jou man en kinders?
- By die werk met jou baas? Jou onderdane? Jou kollegas? Jou kliënte?
- Jou familie? Jou vriende?
- Mense met wie jy te doen het?

Groot deure:

- Daardie geleentede wat nie gereeld kom nie?

Is my oë oop vir die deure wat oopgaan?

Hoe sorg ek dat my oë oop is?

1. FOKUS! Onthou wat jou werk is – DISSIPEL!
2. OEFEN!
3. DEEL! Kleingroep, man/vrou, familie, vra mekaar!

En waar is die BAIE TEËSTANDERS in my lewe? Hoe gaan ek daar getuie wees?

Kom ons gaan leef elke dag sensitief vir MY deure! En kom ons gaan deur hulle – ten spyte van of dalk selfs weens baie teëstand!

Amen.